DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin

**16 Mei 2021**

Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Luk 24: 36-53, Joh 16:14-26, Gen 48: 8-20 |
| **Tema** | Verbly jou in die Here se hemelvaart |
| **Sang** | Psalm 115: 1, 2<br>Psalm 45: 9, 10<br>Skrifberyming 2-4: 3<br>Skrifberyming 1-2: 1, 2, 3<br>Psalm 61: 4, 6 |

Waaroor is jy die blyste in jou lewe? Afskeid is altyd swaar. Afskeid loop hand aan hand met seer, trane, verlange, eensaamheid en kwesbaarheid. Die Here roep mense om Sy dissipels te word. Hulle los allles net so en volg Hom. Vir 3 jaar leer Hy hulle en verander hulle lewe 100%. Die Here leer hulle wat ware liefde is en lei hulle met groot empatie in die groei van hulle verhouding met die Vader. Hulle sien wonders en hoor geloofsgeheime. En nou gaan Hy weg. In Joh 14 en 16 het Jesus die disspels op Sy weggaan voorberei. Hy het gesê dat Hy teruggaan na die Vader toe. Uiteraard sou die dissipels onsteld gewees het. Onsteld beteken dat jou kop en hart deurmekaar geroer word.

Die disspels moes bly wees oor Jesus se weggaan, want dit beteken dat Hy sy werk afgehandel het. Die genade is dat ons lees dat hulle baie bly was. Lukas beskryf dat Jesus met seënende hande opvaar na die hemel. Die Here versterk hulle met 'n besondere genade. Hulle gaan krag kry om alles wat teen hulle in die toekoms geloods word, te oorkom.

Die Here se seën is onherroeplik en dit raak alle fasette van jou lewe. As God seën is Hy persoonlik teenwoordig. Dit beteken dat Hy ons sal beskerm, ons genadig sal wees en Sy vrede vir ons sal gee. Dit beteken konkreet vandag vir my dat Jesus sy kerk in stand sal hou, dat Hy lewendig in die midde van die kerk sal wees, dat hy ons sal versorg te midde van aardse tekorte en dat Hy ons sal lei. In die seënende hande van die Here sien die dissipels die verhoogde Here wat alle mag in die hemel en die aarde besit. Hy regeer vanuit die hemel hier op aarde. Omdat Hy regeer, gebeur alles ten goede vir ons.

Ons lewe word steeds meer verryk met ons Koning wat alle heerskappy in die hemel en op aarde het. Daarom moet ons bly wees. Ons Here Jesus Christus is ewige Koning. Dit bring ons daartoe om God se opdragte te wil gehoorsaam. Hulle loof en prys die Here aanmekaar by die tempel. Saam met medegelowiges getuig hulle van Jesus se opstanding en hemelvaart. Opmerklik is dat die woord vir seën en prys dieselfde woord is.

Ons kan tog nie die Here seën nie. Maar ons moet Hom loof deur te erken dat Hy my Koning is. Ek moet Hom prys omdat Hy my Here (eienaar en besitter) is. Die manier waarop ons na die erediens kom en in

erediens bymekaar is, sal ook duidelik laat blyk dat Christus se seën op ons rus en die effek in ons geloofslewe na vore laat kom. Christus se hemelvaart maak ons lewens 'n vreugdelied. Ons beleef elke dag die Here se beskerming, versorging en vrede. Loof en prys Hom en Hom alleen.

# TEESKINKBEURTE

**16 Mei 2021** Almal wat beskikbaar is.

**23 Mei 2021** Almal wat beskikbaar is.



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir tannie Esther Venter wat Vrydag geopereer is. Ons bede is dat die Here haar en die familie deur hierdie tyd sal lei en haar in die geloof sal versterk.
* Ons bid vir Rika Schutte wat die week weer die dokter sien en met die behandeling voortgaan.
* Ons bid vir Antoinette Sauerman wat haar voete met kookwater gebrand het strekte toe en 'n vinnige genesing toe. Ons bid ook vir haar wat vir Hannes moet versorg.
* Ons wens Jan-Albert Coetzee en Mariska Dreyer die seën van die Here op hulle huwelik toe. Baie geluk en voorspoed vir julle.

  Ons bid vir almal wat siek is of met die gesondheid sukkel. Mag die Here geestelike krag gee wanneer die liggaam swak word.
* Ons bid vir almal wat steeds swaarkry as gevolg van Covid. Mag ons hemelse Vader vir ons uitkoms gee en ons genadig wees.

# DIAKONIE

Die diakonie wil dan ook ons lidmate vra vir skenkings van lyfroom en lip salf, ons het baie  afgetrede lidmate wat in ouetehuise woon en wat nou met die winter wat hier is die items baie nodig het.

Dan is die diakonie se kos rakke ook leeg, en daarom vra ons skenkings van geblikte en droeë produkte om ons te help om almal wat versorg moet word te kan versorg. Skenkings van sop bottels gevul met een koppie elk van rys, ertjies, lintels , boontjies en ’n “stock” blokkie , kan by die kantoor afgelaai word. Dit kan ’n hele gesin die winter van ’n smaaklike ete voorsien.

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 16 Mei 2021 | 16:00 | Kerk | Breëkerkraad Verg. |
| 18 Mei 2021 | 09:30 | Kerk | Bybelstudie |
| 18 Mei 2021 | 18:00 | Kerk | Aktiwiteits Komm. |
| 18 Mei 2021 | 09:30 | Alta Theron | Bybelstudie |
| 18 Mei 2021 | 18:30 | Kerk | Bybelstudie |



*GEDAGTE VIR DIE WEEK*

*Die Here sal jou beskerm*

*teen alle gevaar,*

*jou lewe sal Hy beskerm.*

*Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan,*


*nou en vir altyd.*


*Psalm 121: 7 - 8*

# KALENDER

| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 17 Mei | ***Faan Korff **** <br> ***Corrie Coetzee **** | ***77*** <br> ***75*** | B <br> B | 072 632 6702 <br> 083 613 1091 |
| Di 18 Mei | Daleen Korff <br> Egbert Mooi <br> Tavia Mooi | 50 <br> 65 <br> 47 | B <br> B <br> B | 083 651 8601 <br> 083 310 6277 <br> 083 310 6266 |
| Wo 19 Mei | ***Bets Erasmus **** | ***76*** | B | 060 405 5932 |
| Do 20 Mei | ***Nolene Riley ***** <br> ***Ernst Eloff **** | ***87*** <br> ***70*** | B <br> B | 073 149 2040 <br> 083 229 8068 |
| Vr 21 Mei | ***Peter Snyman **** <br> Dienie Landman <br> Kobie Botha | ***77*** <br> 66 <br> 52 | B <br> B <br> B | 084 601 1250 <br> 072 073 8131 <br> 082 457 3908 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 19 Mei 1984 | Douw en Marietjie Venter | 37 | 082 932 9206 <br> 082 713 2780 |
| 20 Mei 2017 | Jan-Carel en Melissa Oosthuizen | 4 | 079 522 1992 <br> 082 488 7577 |


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R 200 000.00
R 180 000.00
R 160 000.00
R 140 000.00
R 120 000.00
R 100 000.00
R 80 000.00
R 60 000.00
R 40 000.00
R 20 000.00
R -
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
JAN
R 9 420.00
R 25 297.05
FEB
R 36 533.50
R 50 317.40
MRT
R 41 630.70
R 22 141.76
APR
R 23 858.80
R 35 979.75
INKOMSTE
UITGAWES

# BASAAR

**Saterdag oggend**
**31 Julie 2021**
**Vanaf 08:00**


## BOERE ONTBYT

**Vleis**
**Pannekoek & koffie**
**Kerrie & rys**
**Witolifant**

Gereformeerde Kerk
Pietersburg
h/v Mcdonald- &
Erasmusstraat

Navrae Daleen 0794902678 / Johan 0825561956

# GEMEENTEKAMP



*Chalet Grootte*
1 x DB Bed en 1 Enkel bed R 2 000.00 (4)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed en 3 Enkel bed R 2 500.00 (1)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00 (1)
2 x Enkel Bed R 1 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00
5 x Enkel Bed R 2 500.00 (3)
11 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (5)
10 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (2)

*Karavaan en Kamp plekke*
R 900.00 vir 4 persone /
ekstra persone 'n 2 de staanplek of
R 300.00 p/p

Vanaf 24 tot 26 Sept by Jabuwoni

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas**<br><br>**Diakonie**<br><br>**Koningskinders**<br><br>**Geref. Susters Org. Pietersburg**<br><br>**Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Daarna het Hy hulle uit die stad uitgelei tot by Betanië. Daar het Hy sy hande opgehef en hulle geseën. Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die hemel opgeneem. Hulle het Hom aanbid en met groot blydskap na Jerusalem toe teruggegaan. Daar het hulle die hele tyd by die tempel gebly en God geprys.*

*Lukas 24: 50-53*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS